**DONDERDAG 1 JANUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 4:10-17**
**FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 4:14B**

## Aäron – Die Here sal hierdie jaar ook vir ons voorsien

Moses probeer met die Here oor sy toekoms onderhandel. Hier by die brandende doringbos spel die Here sy toekoms vir hom uit: Moses, jy moet die Israeliete uit die slawehuis van Egipte gaan verlos. Al die verskonings wat Moses kan uitdink, slaag nie.

So staan die nuwe jaar van 2015 weer in al sy glorie voor ons, en is ons elkeen net soos Moses vervul met huiwering en ’n besef van ons eie onvermoë. Hoe gaan ons deur hierdie jaar met sy uitdagings kom?

Let nou baie mooi op na die antwoord van die Here: *“Aäron die Leviet is mos jou broer ... hy is al op pad ...”* (4:14b). Dit beëindig die onderhandelings! As Aäron reeds op pad is na Moses toe om hom te kom help, beteken dit dat God eers vir Aäron gaan roep het en daarna hier vir Moses. Terwyl Moses dus nog verskonings uitdink, is die oplossings reeds voorsien: Aäron wat reeds op pad is om hom te help in sy roeping en taak! God wat roep, sal ook die krag en hulp en genade voorsien. Later lees ons dat dit juis Aäron (en Hur) is wat Moses se hande sterk ophou (Eks. 17:12).

Daar is niks wat vir ons voorlê wat vir God té groot of té veel is nie. Hy voorsien saam met die roeping en taak ook die krag en die genade.

So is dit presies ook met Christus in ons lewe. Jesus betaal eers vir ons en koop ons vir God met sy kosbare bloed. Dan volg die opdrag om soos sy volk te lewe. Hy maak ons sy kinders sodat ons ook in hierdie jaar wat voorlê, soos kinders van die almagtige God kan lewe. Hy sal met die uitdagings wat op ons wag, ook die nodige krag en die bystand van die Heilige Gees voorsien.

’n Geseënde jaar word u toegewens!

*Sing: Psalm 91:1, 2 (1936)*

*Ds. Maarten van Helden (Centurion)*